

2 Januarie

Skrifgedeelte: Efesiërs 5:6-20

Fokusgedeelte: Efesiërs 5:8

HK, Vraag 2

Verloste kind, weet jy waar jy vandaan kom, wie jy is en waarheen jy gaan?

Vroeër, nou, dan. Drie sleutelwoorde. So lewe en sterf jy getroos.

Vroeër was jy duisternis. Jy is in sonde ontvang en gebore. Jou verstand is verduister, jy lewe ver van God en is hardnekkig in jou onkunde (Ef 4:18). Dit sit in jou bloed om verkeerd te doen. Van nature is ons goddeloos, verkeerd, sleg. Dit sit nie in ons broeke om die regstellings te maak nie. So groot is ons sonde en ellende.

Nou is ons in die lig. Jesus het ons deur sy bloed gekoop en uit die mag van die duiwel verlos (HK, 1:1). Dit behels dat ons van die duisternis na die lig gebring is (Hand 26:18). Lig beteken ruimte, rigting en lewe. Verlossingslig beteken ook dat ons hart en verstand verlig word en dat ons uit die donkerte van die sonde en dood gered is. In jou hart en verstand is jy nuutgemaak in 'n nuwe lewensrigting.

Leef *dan* as 'n kind van die lig. Efesiërs 5:9-19 vertel hoe so 'n liglewe lyk. In vers 20 word die gedeelte afgesluit met die oproep om in al hierdie dinge God oor alles te dank (vers 20). 'n Ligelewe is 'n dankbaarheidslewe.

Alles wat ons van *vroeër, nou* en *dan* weet, kom uit die Bybel. God leer ons hierdie verskillende aspekte van die waarheid: die troostelose waarheid van ons sonde en ellende, die troosvolle waarheid van ons verlossing en die troosryke lewe van dankbaarheid. Nou weet jy waar jy vandaan kom, wie jy nou is en waarheen jy gaan. Jy mag getroos lewe en sterwe.

Sing: Psalm 36:1, 3 (1936-beryming)

Ds. CA Jansen (Welkom-Noord)

Psalm 36:1, 3 (2001-omdigting)